moreleta kerk

sedert 1985

Lees saam: Hebreërs 11

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Bid saam

Vra in stilgebed dat die Here vir jou begin wys waarvoor jy hom moet vertrou in die vastydperk. Vir wat en vir wie kan jy bid tydens die 40 dae van vas wat 'n deurbraak in hulle lewe nodig het.

Glo soos 'n kind
23 Februarie 2025

Ds. Teodor van der Spuy
teodor@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie (Heb 11:1). Hierdie definisie bring ons by die vertrekpunt van wat dit beteken om 'n volgeling van Jesus te wees.
Mense wat glo is eintlik mal… Dit maak nie sin nie. Het jy al jou self gehoor?

1. Het jy al ooit vir God gesien in persoon?
2. Het jy al God se stem gehoor?
3. Hoe weet jy God is die skepper van die hemel en die aarde?

Al hierdie goed is redelik onmoontlik om met oortuiging te sê omdat dit nie so eenvoudig is om God te kan sien nie of om God te kan hoor nie of om presies te weet hoe Hy geskep het as God nie. Al wat ons het is 'n meganisme wat geloof genoem word. Dit stel ons in staat om vas oortuig te kan leef in dat iets waar is al kan ek dit nie sien nie.
Waar kom geloof vandaan? Word party mense met dit gebore in hulle genetika?
Volgens Efesiërs 2:8 is dit 'n gawe van God. Selfs jy wat die vermoë het om in God te kan glo is self deur God gewillig. Al die inisiatief kom van hom af.

Gesels saam

Hoekom glo kinders makliker as volwassenes?
Hoe hanteer jy die jy die teleurstellings wat jou geloof aftakel?
As jy glo dat God jou gaan red uit die kloue van die hel en jy kan seker voel daaroor. Hoekom kan jy nie God vertrou vir meer in jou eie lewe in die hier en die nou nie?
Jy is reeds diep verbind tot jou geloof in God. Daar is reeds goed in jou lewe waarvoor jy Hom vertrou. Hoekom sal jy hom nie wil vertrou in ander aspekte van jou lewe nie? Die teleurstellings en die seer wat jy tot nou toe beleef het kan maak dat jy moed/geloof verloor in wie God is. Die kuns van die lewe vra egter om God in die groot en die klein goedjies te vertrou.
Die 40 dae vas vir deurbraak.
Moreleta Kerk gaan in die maand van Maart met 'n gemeentewye vas begin om juis die Here te vertrou om ons geloof in Hom te vergroot. Om weer meer soos 'n kind te glo.Om die Here daadwerklik te vertrou vir deurbraak in jou of iemand anders se lewe.

Doen saam

Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte (Heb. 11) waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____